

Hoofstuk 1

INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1.1 Inleiding

Die naam van die vak word as Algemene Metodiek aangegee.¹⁾ Algemene Metodiek is egter baie beperk in omvang.²⁾ Hierdie beperking of verskraling van die pedagogiese basis word mooi deur Langeveld soos volg geformuleer: „... bij de vermethodieking komt ook de verschraling der paedagogische activiteit van de leraar tot uitdrukking. De leraar wordt een technicus met methode a en b als werktuigen. De receptuur doet zijn intrede ...”³⁾ Die belangstelling is vandag soos Duminy dit stel: „... first and foremost, in the broad didactic principles which underlie all sound teaching, and not only in the memorization of rule of thumb procedures with regard to correct lesson-giving.”⁴⁾ Indien Algemene Metodiek dus enigsins betekenis wil hê, moet dit in die breëre didaktiese

-
1. Bylae A, p.201.
 2. Vgl. Duminy, P.A. General teaching method, p.2.
 3. Langeveld, M.J. Algemene en speciale didaktiek en het leren in het verband der didaktiek beskouwd, p.344.
 4. Duminy, ibid.

beginsels,¹⁾ wat op hulle beurt weer 'n pedagogiese basis het,²⁾ gefundeer wees.

Voordat die naam van die vak dus verder bespreek kan word, moet eers na die oorspronklike basis van die Algemene Metodiek, nl. die Pedagogiek, teruggegaan word. Nadat die Pedagogiek as wetenskap ontleed is, sal die Didaktiek en daarna die Algemene Metodiek bespreek word.

1.2 Pedagogiek as wetenskap

Alvorens oor die pedagogiek as wetenskap besin kan word, moet eers kortliks bepaal word wat Wetenskap is.

Dit gaan by die wetenskaplike kennis om die kennis as sodanig.³⁾ Hierdie kennis moet egter duidelik geverifieer en gesistematiseer wees.⁴⁾

-
1. Van der Stoep, F. & van der Stoep, O.A. Didaktiese oriëntasie, p.251.

Duminy, loc. cit.

De Block, A. Algemene didactiek, p.33.

2. Sonnekus, M.C.H. Die pedagogiese onderbou van die besondere didaktiek van die skoolvakke, p.116.

Duminy, ibid.

3. Stoker, H.G. Beginsels en metodes in die wetenskap, p.134.

4. Ibid., p.135.

Stoker stel ook verder die vereiste dat dit tegnies-metodies gevormde kennis moet wees.¹⁾ Samevattend omskryf Stoker dan Wetenskap soos volg: „Wetenskap is soveel moontlik tegnies-metodies geverifieerde en soveel moontlik tegnies-metodies gesistematiseerde kennis as kennis.”²⁾

Conant sien Wetenskap slegs as die resultaat van eksperimentering en waarneming.³⁾ Hy lê dus net klem op die empiries-kontroleerbare en slegs dit is Wetenskap wat empiries kontroleerbaar is.

Verskeie skrywers is dit egter eens daaroor dat Wetenskap nie beperk is tot die ervaring en empiries-kontroleerbare nie. Dit is nie slegs die vrug van waarneming nie, maar ook van redenering.⁴⁾

Steyn stel die volgende vyf kriteria vir Wetenskaplikheid:

- „1. Daar moet duidelikheid wees oor die aard en werk van dit wat ondersoek word (die hoe),

1. Stoker, op. cit., p.136.

2. Ibid.

3. Conant, J.B. Science and common sense, p.25.

4. Steyn, G.H.A. Enkele gedagtes oor die term „wetenskap” en die moontlikheid dat die Opvoedkunde as 'n vorm van wetenskap beskou kan word, p.347.

Perquin, Nic. Pedagogiek, p. 270.

- "2. Daar moet gesoek word na verklarings vir die verskynsel wat aangebied word (die waarom),
- "3. In die soek na die hoe en die waarom moet bepaalde wette afgelei word,
- "4. Daar moet volgens 'n vaste metode te werk gegaan word,
- "5. Daar moet duidelikheid wees oor die sisteem."¹⁾

Indien die Pedagogiek daarop aanspraak wil maak om 'n Wetenskap te wees, sal dit aan bogenoemde kriteria moet voldoen. Dit kan nie slegs 'n "...verzameling van niet samenhangende weetjes zijn" of "...een tuiltje van vriendelijke raadgevingen."²⁾

Een van die fundamenteelste kenmerke van die mens is dat hy opvoed, opgevoed word en op opvoeding aangewese is.³⁾ Die opvoeding is in sy wese dus 'n werksaamheid van mens teenoor mens.⁴⁾ Opvoeding is egter 'n voor-wetenskaplike gebeure. Dit is duidelik dat die Pedagogiek as Wetenskap sy uitgangs-

1. Steyn, loc. cit.

2. Perquin, op. cit., p.272.

3. Langeveld, M.J. Beknopte Theoretische Pedagogiek, p.158.

du Plessis, P.J.J. Pedagogiek as wetenskap en sy sosiaal-pedagogiese taak teenoor Onderwysvernuwing, p.40.

4. Coetzee, J.C. Die Opvoedkunde. (Grondslae, Grondbegrippe en Grondmetode,) p.1.

punt juis in hierdie verskynsel, nl. Opvoeding,
soek.¹⁾

Die Pedagogiek is dus 'n besinning oor die opvoedingsverskynsel.²⁾ Waterink beskou die volgende as objek van die Pedagogiek: „...de theorie van de opvoeding van het kind door de ouders en door hen, die de ouders als helpers terzijde staan.”³⁾

Oberholzer omskryf Pedagogiek soos volg:

„Die resultate van wetenskaplike nadenke en ondersoek oor die opvoedingsverskynsel lei tot 'n wetensgebied en 'n vorm van wetenskap wat as die opvoedkunde of die pedagogiek bekend staan. Die opvoedkunde of die pedagogiek kan dan ook kortweg omskrywe word as die wetenskaplike besinning oor opvoedingsvraagstukke.”⁴⁾

Coetzee omskryf die Pedagogiek kortweg as die Wetenskap van die Opvoeding. Die Pedagogiek trag

-
1. Van der Stoep, O.A. Die aandeel van die onderwyser aan die didaktiese situasie, p.10.

Du Plessis, P.J.J. loc. cit.

Langeveld, M.J. loc. cit.

2. Perquin, op. cit., p.272.
3. Waterink, J. Theorie der Opvoeding, p.17
4. Oberholzer, C.K. Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde, p.52.

om aan ons wetenskaplike kennis oor sy veld van ondersoek, nl. die Opvoeding, te gee. Hierdie kennis is egter wetenskaplike kennis omdat die Pedagogiek dit sistematiseer en verifiëer.¹⁾

Coetzee kom tot die volgende gevolgtrekking: „In die opvoedkunde bestudeer ons dan op 'n wetenskaplike wyse, volgens erkende wetenskaplike metodes al die feite en beginsels, al die vraagstukke van die opvoeding.”²⁾ Hy groepeer die vraagstukke onder vier hoofde, nl.

- (a) dié i.v.m. die doel van die Opvoeding;
- (b) wie en wat die mens is wat opvoed en opgevoed word;
- (c) al die vrae i.v.m. die groei en ontwikkeling van die opvoedeling en
- (d) al die vrae i.v.m. die metode van die Opvoeding in die algemeen en in die besonder.³⁾

Waterink kom ook tot die slotsom dat die problematiek van die Pedagogiek in hoofsaak op 'n viertal onderwerpe neerkom, nl.

- „1e. hoe is het kind (de mens)?
- „2e. Wat is het doel, dat ik bij de opvoeding met het kind (de mens) wil bereiken?
- „3e. welke middelen en methoden staan mij ten dienste om dit kind naar dat doel te brengen?

1. Coetzee, J.C. & van Rooy, D.J., red. Beginsels en metodes van die Hoër Onderwys, p.103.

Van der Stoep, F. & van der Stoep O.A. op. cit., p.5.

2. Coetzee, op. cit., p.104.

3. Ibid.

"4e. wat weet ik van de opvoeder en van de wijze, waarop hij als opvoeder zich heeft te gedragen, en van de gevaren, die hem als opvoeder bedreigen bij de uitoefening van zijn paedagogische taak?"¹⁾

In hoofsaak kom die indeling van Coetzee en Waterink t.o.v. die opvoedingsvraagstukke dus ooreen.

Coetzee verdeel dan die Pedagogiek in vier dissiplines, nl. die Teoretiese, Empiriese, Historiese en Praktiese Opvoedkunde.²⁾

Nel beskou die Teoretiese Pedagogiek as kernwetenskap van die Pedagogiek met die Wysgerige Pedagogiek, die Historiese Pedagogiek, die Psigologiese Pedagogiek, die Didaktiese Pedagogiek, die Sosiale Pedagogiek en die Liggaamlike Pedagogiek as hulpwetenskappe.³⁾

Die Pedagogiek is deels teoreties en deels prakties van aard. Teoreties ondersoek dit alle vraagstukke van die opvoeding en probeer dit so te kom tot die formulering van die algemene beginsels en reëls van die opvoeding wat geldig by die opvoeding van die mens is. Prakties wend' dit die

1. Waterink, op. cit., p.29.

2. Coetzee, op. cit., p.104.

3. du Plessis, op. cit., p.35.

teorie in die praktyk van die opvoeding aan.¹⁾

Die Pedagogiek as Wetenskap is verder deels normatief en deels empiries van aard. As normatiewe wetenskap ondersoek dit die beginsels van die opvoedingsverskynsel en as Empiriese Wetenskap die feite. In hierdie ondersoek pas dit die metodes van sistematiese deurdenking en sistematiese waarneming toe.²⁾ In die Pedagogiek oorheers die sistematiese waarneming en daarna volg sistematiese deurdenking. Volgens Coetzee is dit die kenmerk van 'n Empiriese Wetenskap.³⁾

De Block onderskei die wetenskappe o.a. volgens objek soos volg:

1. Suiwer wetenskappe, bv. Wiskunde.
2. Ervaringswetenskappe;
 - (a) Natuurwetenskappe, bv. Skeikunde.
 - (b) Geesteswetenskappe:
 - (i) Nie-normatiewe wetenskappe, bv. Geskiedenis.
 - (ii) Normatiewe wetenskappe, bv. Pedagogiek.⁴⁾

Hiervolgens word Pedagogiek dus geklassifiseer as 'n Ervaringswetenskap of meer spesifiek as 'n normatiewe, geesteswetenskaplike Ervaringswetenskap.

-
1. Coetzee, J.C. Die Opvoedkunde. (Grondslae, Grondbegrippe en Grondmetode,) p.3.
 2. Ibid., p.2.
 3. Ibid., p.17.
 4. De Block, op. cit., p.35.

As Ervaringswetenskap moet die Pedagogiek objektiewe, sistematiese waarneming doen. Die sistematiese deurdenking van dit wat waargeneem is, sal grootliks beïnvloed word deur die waarnemer se lewens- en wêreldbeskouing. „Standpunt en oortuiging neem 'n allesbeslissende plek in by die beoefening van die Opvoedkunde“, aldus Coetzee.¹⁾ Ook Waterink stel dit duidelik dat die Pedagogiek gebaseer is op, uitgaan van en werk in die rigting van fundamentele waardes. Die normatiewiteit van die Pedagogiek word hierdeur ook bevestig.²⁾ Perquin sien dit ook „dat het juist de eigen karakteristiek van de pedagogiek is, dat zij altijd met levenswaarden te maken heeft, realiteiten, die zij niet schept maar als aanwezig vindt.“³⁾

Op 'n ander plek stel Perquin die normatiewe karakter van die Pedagogiek só as sou dit net dit aanneem wat vir sy doeleindes geskik is en afwys wat nie bevorderlik is nie, „...het meet alles, wat in de jeugdige leven ingrijpt, naar de gegevens, die het in zich zelf vindt; het keert altijd terug tot dat oer-fenomeen, wat het object van haar studie is.“⁴⁾

Langeveld se fenomenologiese benadering kom duidelik uit in die volgende uitspraak: „Wij willen het niet interpreteren uit een anderen bron

-
1. Coetzee, op. cit., p.3.
 2. Waterink, J. Keur uit de verspreide geschriften, p.36.
 3. Perquin, op. cit., p.10.
 4. Ibid., p.272.

dan uit zichzelf, al weten wij wel dat er de mogelijkheid bestaat, dat de uiteindelijke zin ervan pas begrepen kan worden, wanneer wij het opnemen in een omvattende interpretatie van wijsgerige resp. wereld-beschouwelijke aard."¹⁾ Langeveld begin dus fenomenologies,²⁾ maar voer agteraf 'n wysgerige interpretasie in, soos Waterink dit stel.³⁾

Die verskil in benadering wat daar tussen Waterink en Langeveld was, bestaan vandag nog. Die verskil in wetenskaplike fundering van die Pedagogiek tussen hierdie twee rigtings is fundamenteel, nl. óf die opvoedingsituasie word as uitgangspunt geneem, óf die lewens- en wêreldbeskouing dien as basis.⁴⁾

Ten slotte Waterink se benadering wat duidelik uit die volgende spreek:

„3e. Naar bijbelse opvatting is heel ons leven religieus bepaald. Alleen van de religieuse bepaaldheid uit kunnen wij het leven, de levenseisen, de normen, en dus ook de opvoeding recht verstaan.

„4e. Hier is dan ook niet de vraag aan de orde, of we de ene of de andere methode moeten volgen - de vraag, die alles beheerst is, of we in de paedagogiek (en dus ook in de opvoeding) alle relaties des levens, en speciaal die tussen ouders en

1. Langeveld, op. cit., p.20.

2. van Hulst, J.W. De beginselleer van Hoogvelds Pedagogiek, p.143.

3. Waterink, op. cit., p.104.

4. van Hulst, op. cit., p.144.

kinderen, zien in het licht van het Woord van God."¹⁾

1.3 Didaktiek

Die woord „didaktiek” is afkomstig van die Griekse woord didaskein wat beteken „om te onder-
rig.”

Gedurende die tyd van Comenius en Ratke, aan die begin van die 17e eeu, word die woord „didak-
tiek” eintlik vir die eerste keer as vakterm ge-
bruik.²⁾

Die Didaktiek is afhanklik van die Pedagogiek en moet sy beginsels en opvattings sien in die lig van die Pedagogiek.³⁾ Perquin noem die Didaktiek 'n spesialisasie van die Pedagogiek.⁴⁾ Langeveld sê weer dat die Didaktiek, as 'n teorie in afhanklik-
heid van die Pedagogiek, op empiriese gronde wat uit die ervaring deur die denke opgebou word, berus.⁵⁾

-
1. Waterink, loc. cit.
 2. Aarts, Jos. Beknopt leerboek der Algemene Didactiek voor de tweede leerkring, p.15.
 3. Aarts, Jos. e.a. Beknopt leerboek der Bij-
zondere Didactiek voor de tweede leerkring,
p.19, 20.
 4. Perquin, N. Algemene didaktiek, p.12.
 5. Langeveld, M.J. Algemene en speciale didaktiek
en het leren in het verband der didaktiek
beschouwd, p.337.

Dit is tot dusver duidelik dat die Didaktiek 'n deel uitmaak van die Pedagogiek. Verskeie skrywers waaronder Bijl,¹⁾ Coetzee,²⁾ du Plessis,³⁾ Oberholzer,⁴⁾ Gielen,⁵⁾ en Sonnekus,⁶⁾ is dit eens hieroor.

Coetzee noem dit die Praktiese Opvoedkunde, wat hy as een van die onderdele of dissiplines van die Opvoedkunde klassifiseer.⁷⁾ Oberholzer⁸⁾ en Steyn⁹⁾ praat weer van die Didaktiese Opvoedkunde. Ook du Plessis wil nie net van Didaktiek praat nie, maar noem dit Didaktiese Pedagogiek omdat die Didaktiek as dissipline 'n konstituerende deel uitmaak van die geheelsisteem.¹⁰⁾

Vir De Block bestaan daar geen twyfel „dat de paedagogiek de voedingsbodem uitmaakt van de didac-

-
1. Bijl, J. Inleiding tot de algemene didactiek van het basisonderwijs, p.XII.
 2. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, p.11.
 3. du Plessis, op. cit., p.63.
 4. Oberholzer, op. cit., p.72.
 5. Gielen, Jos. J. & Strasser, S. Grondbeginselen ener Opvoedkunde voor de tweede leerkring, p.346.
 6. Sonnekus, M.C.H. Die pedagogiese onderbou van die besondere didaktiek van die skoolvakke, p.114.
 7. Coetzee, ibid.
 8. Oberholzer, op. cit., p.71.
 9. Steyn, op. cit., p.349.
 10. du Plessis, op. cit., p.62.

tiek, maar anderzijds is het klaarblykelyk dat de didaktiek er geen deel van uitmaakt, daar ze enerzijds meer, anderzijds minder en vooral anders is.¹⁾ Hy verskil dus van die reeds genoemde skrywers wat die Didaktiek as deel-dissipline van die Pedagogiek sien.

Aangesien dit dus duidelik is dat verskillende skrywers die Didaktiek as deeldissipline van die Pedagogiek beskou, moet nou vasgestel word wat onder Didaktiek verstaan word. Coetzee omskryf die Praktiese Opvoedkunde as die Wetenskap van die praktiese opvoeding.²⁾ Ten einde te verstaan wat hy hiermee bedoel, is dit nodig om te kyk na sy omskrywing van praktiese opvoeding:

„In algemene terme verstaan ons onder die praktiese opvoeding die onderneming van onderwysers om op skool, as die praktiese opvoedingsinrigting, aan kinders of leerlinge die nodige kennis en vaardigheid te gee. Dit doen die onderwysers deur middel van die onderwys en die tug ooreenkomstig die beste moderne gegewens in verband met ,hoe kinders leer.“³⁾

Van der Stoep en Van der Stoep kom na deeglike beredenering tot die slotsom dat geen opvoeding sonder die onderwys kan plaasvind nie en verder dat die onderwys aan kinders ondenkbaar is sonder

1. De Block, op. cit., p.28.

2. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, p.12.

3. Ibid., p.28.

inagneming van die opvoedingsideaal.¹⁾ Bogenoemde omskrywing van Coetzee van die praktiese opvoeding sluit eintlik beide opvoeding en onderwys in en kom in wese dus ooreen met Van der Stoep en Van der Stoep se siening. Laasgenoemde skrywers praat dan van die Didaktiek as 'n teorie oor die onderwys „oftewel 'n besinning en radikale deurdenking oor die aard, wese, omvang en betekenis van die handel- ling wat onder mense aangetref word en wat as ,on- derwys gee' bekend staan. Die didaktiek sluit derhalwe in die nadenke, dit wil sê die teorie oor die onderwys, sowel as die kuns of vaardighede om onderwys te kan gee.“²⁾

Oberholzer,³⁾ du Plessis,⁴⁾ Langeveld,⁵⁾ en van Hees⁶⁾ omskryf die Didaktiek of Onderwysleer as dié deel van die Pedagogiek wat oor die siste- matiese oordrag van kennis, kundighede en vaardig- hede handel. Du Plessis maak dan die opmerking dat dit as leer 'n teorie is en stem hierin saam met Langeveld en Van Hees. Aarts omskryf Didak- tiek as „een leer welke aanwysingen en regels geeft, deze uiteenzet, en voor zover mogelijk ook

-
1. Van der Stoep, F. & Van der Stoep, O.A. Didaktiese oriëntasie, p.26 en 36.
 2. Ibid., p.36.
 3. Oberholzer, op. cit., p.72.
 4. du Plessis, op. cit., p.63.
 5. Langeveld, M.J. Algemene en speciale didak- tiek en het leren in het verband der didak- tiek beskouwd, p.337.
 6. Van Hees, Gilles. De school, p.130

bewijst, om met success anderen, m.n. onvolwasse-
nen te onderwysen en hen daardoor te doen leren."¹⁾

Genoemde skrywers lê baie klem daarop dat die Didaktiek 'n teorie is en as sodanig hou dit die gevaar in dat die Didaktiek in 'n sekere sin ook die terrein van die Teoretiese Pedagogiek betree of selfs wil oorneem. Coetzee sien dit as 'n praktiese wetenskap wat die teoretiese, empiriese en historiese gegewens van 'n opvoedkundige aard in die praktyk van die Opvoeding aanwend. Die aanvaarding van hierdie gegewens vind egter waarderend en beoordelend plaas. Daarom is die Didaktiek 'n normatiewe wetenskap „want die praktiese opvoedkundige kies en keur sy ontleende materiaal nie alleen ooreenkomstig sy algemene beginsels nie maar ook in die lig van sy praktiese ervaring".²⁾ T.o.v. die normatiewiteit van die Didaktiek kom Du Plessis se siening ooreen met dié van Coetzee. Die Didaktiek pas die grondgedagtes van die Teoretiese Pedagogiek in die lig van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing toe en toets en beoordeel dit ook aan die hand hiervan. Só wend die Didaktiek hom ook tot die Historiese Pedagogiek, Psigologiese Pedagogiek, ens.³⁾

Hierdie benadering bevredig in dié sin dat die Didaktiek steeds gesien word as deeldissipline

-
1. Aarts, Jos. Beknopt leerboek der Algemene Didactiek voor de tweede leerkring, p.15.
 2. Coetzee, op. cit., p.11.
 3. Du Plessis, op. cit., p.63, 64.

van die Pedagogiek in sy verhouding met die ander deeldissiplines van die Pedagogiek. Die ontwikkeling van die Didaktiek in 'n wetenskap wat wel op pedagogiese basis berus, maar byvoorbeeld die terrein van die Teoretiese Pedagogiek betree deur tot sy veld van ondersoek die grondgedagtes van die Opvoeding te neem, word deur bogenoemde benadering verhoed.

Aangesien die Didaktiek dus ook o.a. van die gegewens van die Psigologiese Pedagogiek gebruik maak, volg dit dat die Didaktiek in 'n bepaalde periode sterk beïnvloed sal word deur die psigologiese en geestelike strominge.¹⁾ 'n Voorbeeld hiervan is die invloed van die Denkpsigologie op die Didaktiek wat o.a. daartoe gelei het dat al meer aandag aan denkend lees²⁾ gegee is, en die verbetering van leer deur die gebruikmaking van die leergesprek gegee is,³⁾ om maar net twee te noem. Die didaktikus se psigologiese insigte is in 'n groot mate afhanklik van sy lewens- en wêreld-beskouing.⁴⁾

1. Van Hees, op. cit., p.132, 133.

2. Vgl. Du Plooy, J.L. 'n Ontleding van die begripsvermoë van Standaard III, IV en V leerlinge d.m.v. stilleestoetse.

3. Vgl. Duminy, P.A. 'n Eksperimenteel-didaktiese ondersoek, volgens denkpsigologiese metode, na die verbetering van leermetodes en leerprestasies by standaard VIII-leerlinge in geskiedenis.

4. Bevelander, C. e.a. Algemene didactiek, p.54.

Van der Stoep en Van der Stoep sê die volgende wanneer hulle van skoolsituasies praat: „Die onderwyser wat hierdie reekse situasies skep of ontwerp, moet as grootmens hom dan ook verantwoord of uitspraak gee oor die wese, herkoms en bestemming van die kind.“¹⁾ Die uitspraak wat die onderwyser gee „oor die wese, herkoms en bestemming van die kind“, sal ongetwyfeld beïnvloed word deur sy lewens- en wêreldbeskouing. Ook op ander plekke lewer Van der Stoep uitsprake waaruit dieselfde afleiding gemaak kan word.²⁾

Verskeie ander skrywers waaronder Aarts,³⁾ Coetzee,⁴⁾ en Waterink⁵⁾ erken ook dat die Didaktiek nie losstaan van die didaktikus se lewens- en wêreldbeskouing nie.

Van der Stoep-hulle onderskei die volgende onderdele van die Didaktiek: Algemene Didaktiek,⁶⁾

-
1. Van der Stoep, F. & Van der Stoep, O.A. op. cit., p.28.
 2. Van der Stoep, F. Die pedagogiese grondslae van die nuwere didaktiek, p.250.
Id. Probleme rondom die fundering van die didaktiek, p.501.
 3. Aarts, Jos. Beknopt leerboek der Algemene Didactiek voor de tweede leerkring, p.18.
 4. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, p.12.
 5. Waterink, J. Keur uit de verspreide geschriften, p.119.
 6. Van der Stoep, F. & Van der Stoep, O.A. op. cit., p.42.

Besondere Didaktiek,¹⁾ Vakdidaktiek of Vakmetodiek²⁾ en Ortodidaktiek.³⁾ Die Algemene Didaktiek het vir hulle te doen met die onderwysgebeure in die algemeen of in die geheel en omvat daarom in wese elke faset van die Onderwys soos ons dit in die praktyk ken.⁴⁾ As objeksg gebied van die Algemene Didaktiek word beskou 'n besinning „oor watter voorwaardes geldig is vir die ontstaan van 'n didaktiese bedryf.⁵⁾ Volgens Coetzee ondersoek die „Algemene Praktiese Opvoedkunde die algemene vraagstukke in verband met die praktiese opvoeding, en meer in die besonder dié in verband met die praktiese skoolopvoeding.“⁶⁾ As wetenskap omskryf hy dit as „die algemene wetenskap van die skoolopvoeding, oftewel die wetenskap van die beginsels en metodes van die skoolopvoeding“. ⁷⁾ Soos reeds aangedui is die Didaktiek 'n deeldisipline van die Pedagogiek. Die Algemene Didaktiek is dus ook afhanklik van die Pedagogiek. Daarom sou die korrekte naam van hierdie vak wees: Algemene Didaktiese Pedagogiek.

-
1. Van der Stoep, F. & Van der Stoep, O.A. op. cit., p.49.
 2. Ibid., p.63.
 3. Ibid., p.69.
 4. Ibid., p.40.
 5. Ibid., p.42.
 6. Coetzee, J.C. Inleiding tot die algemene Praktiese Opvoedkunde, p.15.
 7. Ibid.

Van der Stoep-hulle omskryf die Besondere Didaktiek as „daardie aspek van die didaktiek wat hom daarop toespits om besondere didaktiese vraagstukke wat uit die algemene beskouinge voortvloei, te probeer beantwoord.“¹⁾ Coetzee se omskrywing kom in hooftrekke hiermee ooreen, maar sluit ook die Vakdidaktiek in.²⁾ Verskeie skrywers, waaronder Waterink,³⁾ Aarts,⁴⁾ Langeveld,⁵⁾ en Stellwag⁶⁾ is dit eens daaroor dat die Besondere Didaktiek (Spesiale Didaktiek en Vakdidaktiek) veranker is in die Algemene Didaktiek. Party skrywers, soos o.a. Langeveld, gebruik „Spesiale Didaktiek“ i.p.v. „Besondere Didaktiek“, terwyl Stellwag op die aangehaalde plek verwys na die Vakdidaktiek se afhanklikheid van die Algemene Didaktiek. Die term „Vakdidaktiek“ spreek vir homself. Van der Stoep-hulle gebruik Vakmetodiek as sinoniem vir Vak-

-
1. Van der Stoep, F. & Van der Stoep, O.A. op. cit., p.41.
 2. Coetzee, op. cit., p.15, 16.
 3. Waterink, J. Keur uit de verspreide geschriften, p.240.
 4. Aarts, Jos., e.a. Beknopt leerboek der Bijzondere Didactiek voor de tweede leerkring, p.20.
 5. Langeveld, M.J. Algemene en speciale didaktiek en het leren in het verband der didaktiek beschouwd, p.344.
 6. Stellwag, H.W.F. & Van de Griend, Ir. P.C. De leraarsopleiding: Knelpunt of raakvlak tussen universiteit en V.H.M.O., p.35.

didaktiek.¹⁾ Die rede vir hierdie gebruik word duidelik na 'n omskrywing van Algemene Metodiek. Aangesien die volgende gedeelte sal handel oor 'n onderskeiding tussen Algemene Metodiek en Algemene Didaktiek, sal dit daar behandel word.

Die Ortodidaktiek neem „as sy studieveld die bron of oorsaak van verskillende remminge soos dit in die lewensituasie by kinders voorkom, die variasies ten opsigte waarvan sulke verskynsels hulle voordoën, die ingrypende betekenis van bepaalde remminge vir die volwassewording van so 'n kind en die moontlike weë waarlangs die remminge op die vrugbaarste wyse oorbrug kan word sonder om dit noodwendig opgehef te kry.“²⁾

Samevattend kan dus gesê word dat die Didaktiek 'n deeldisipline van die Pedagogiek is en dus die Didaktiese Pedagogiek genoem behoort te word. Dit is daardie deel van die Pedagogiek wat oor die sistematiese oordrag van kennis, kundighede en vaardighede handel. Die Didaktiese Pedagogiek maak gebruik van die gegewens van die Historiese, Empiriese en Teoretiese Pedagogiek en ondersoek bv. nie selfstandig die grondslae en grondvorme van die Pedagogiek nie, omdat dit binne die terrein van die Teoretiese Pedagogiek val. Die Didaktiese Pedagogiek is 'n normatiewe wetenskap, want dit neem die gegewens van die Historiese, Empiriese en Teoretiese Pedagogiek beoordelend en waarderend oor.

1. Van der Stoep, F. & Van der Stoep, O.A.
op. cit., p.63.

2. Ibid., p.71.

Die didaktikus se lewens- en wêreldbeskouing sal dus sy Didaktiek beïnvloed. Die psigologiese strominge beïnvloed ook die Didaktiek.

As onderdele van die Didaktiek word beskou die Algemene Didaktiek, Besondere Didaktiek, Vakdidaktiek en Ortodidaktiek. Vir die doel van hierdie verhandeling lyk dit egter voldoende om te onderskei tussen Algemene en Besondere Didaktiese Pedagogiek. Wanneer daar verder van Algemene Didaktiek gepraat word, word eintlik bedoel Algemene Didaktiese Pedagogiek.

Ten einde te bepaal of Algemene Metodiek die beste naam vir die vak van die Primêre Onderwyssertifikaat van die Departement van Bantoe-Onderwys is, sal vervolgens onderskei moet word tussen Algemene Metodiek en Algemene Didaktiek.

1.4 Algemene didaktiek en Algemene Metodiek

Die woord „metode” kom van die Griekse woorde „meta” wat „langs” beteken en „hodos” wat „weg” of „pad” beteken. Stoker omskryf „metode” „as 'n beplande handelswyse of werkwyse om met gebruikmaking van wat in 'n gegewe geval voorhande is 'n gestelde doel te verwesenlik (resp. 'n bepaalde resultaat te verkry.)”¹⁾ Hy wys verder daarop dat „metode” nie verwar moet word met die werk of handeling nie, maar dat dit slegs die wyse is waarop die handeling met gebruikmaking van wat

1. Stoker, op. cit., p.50.

voorhande is, 'n gestelde doel verwesenlik.¹⁾

Toegepas op die onderwys beteken „metode” dus die wyse waarop (weg waarlangs) die leerstof aangebied word,²⁾ of die weg wat 'n mens behoort te volg om op die doeltreffendste wyse les te gee.³⁾ Die Metodiek probeer dus 'n antwoord verstrek op die „hoe-vraag”.⁴⁾ In Stoker se omskrywing van „metode” word daarop gewys dat die metode gebruik maak van dit wat voorhande is ten einde 'n bepaalde doel te verwesenlik. Indien daar nou so ver gevorder is dat nagedink word oor watter metode om te gebruik, is dit duidelik dat die beoogde doelstellings reeds vasgestel is en dus klaar beredeneer is.⁵⁾ Die Metodiek is daarom afhanklik van 'n ander vak, vir die beantwoording van die vraag, of bepaalde doelstellings prakties uitvoerbaar is of nie. Die Metodiek vind dus sy fundering in die

1. Stoker, loc. cit.

2. Waterink, J. Keur uit de verspreide geschriften, p.239.

3. De Block, op. cit., p.32.
Perquin, N. Algemene Didactiek, p.20.

4. Ibid.

5. Van der Stoep, F. & Van der Stoep, O.A.,
op. cit., p.63.

Didaktiek¹⁾ en, soos reeds aangedui, is die Didaktiek gefundeer in die Pedagogiek. Hieruit volg dat die Metodiek beperkter is as die Didaktiek wat hom uitspreek oor onderwys in sy geheel.²⁾

Die gebruik van „Didaktiek” as term, soos omskryf in hierdie verhandeling, kom byna nie in die Engelse opvoedkundige literatuur voor nie.³⁾ Beauchamp wie se boek in Amerika uitgegee is, het egter besef dat daar ruimte vir 'n onderskeiding tussen twee tipes metodieke gelaat moet word. Vakmetodiek en Algemene Metodiek het hom nie meer bevredig nie en hy kom met 'n oplossing deur te praat van: „a narrow concept of method”⁴⁾ en „a broad concept of method”.⁵⁾ Hy omskryf dan eersgenoemde soos volg: „Usually a narrow concept of method is concerned to be one that is concerned only with the manipulation of school subjects in

1. De Block, op. cit., p.33.

Duminy, op. cit., p.2.

Aarts, Jos. Beknopt leerboek der Algemene Didactiek voor de tweede leerkring, p.22.

Perquin, N. Algemene didaktiek, p.21

Van der Stoep, F. & Van der Stoep, O.A.
op. cit., p.251.

2. Ibid.

Duminy, op. cit., p.2.

3. Ibid., p.1.

4. Beauchamp, G.A. Basic dimensions of elementary method, p.49.

5. Ibid, p.50.

the form of 'successful' or 'time-proven' techniques".¹⁾ Verder sê hy dat „a broad concept of method will have both a philosophical and a psychological base." ²⁾ Sy omskrywing van 'n „narrow concept of method" dui op die gevaar van 'n vermetodiek of vertegniserings van die onderwys.³⁾ Hierdie vermetodiek of vertegniserings vind slegs plaas as die Metodiek nie in die Didaktiek gefundeer is nie en sodoende vind 'n verskraling van die pedagogiese basis plaas. Indien die Metodiek egter in die Didaktiek gefundeer is, is dit steeds beperkter in omvang as die Didaktiek.

Van der Stoep-hulle onderskei tussen 'n Algemene Metodeleer en Metodiek. Die Algemene Metodeleer bied bepaalde grondbeginsels, ten opsigte van die metode wat 'n onderwyser kan volg, ten einde bepaalde didaktiese doelstellings te verwesenlik, terwyl die Metodiek 'n enger begrip is wat 'n spesifieke metode t.o.v. die aanbieding van 'n besondere vak behels. By die aanbieding van 'n besondere vak word die Vakmetodiek opgebou uit die onderwyser se kennis van die Algemene Metodeleer. Die

1. Beauchamp, op. cit., p.49.

2. Ibid., p.50.

3. Duminy, op. cit., p.3.

Van der Stoep, O.A. Die aandeel van die onderwyser aan die didaktiese situasie, p.58.

Langeveld, M.J. Algemene en spesiale didaktiek en het leren in het verband der didaktiek beskouwd, p.344.

Sonnekus, op. cit., p.115.

ooreenkoms tussen die twee is dat albei die vraag, hoe die onderwyser in die didaktiese situasie moet optree, probeer beantwoord. Die verskil is egter dit dat die „hoe“ van die Metodeleer 'n algemene „hoe“ is, met 'n algemene „hoe“ as antwoord, terwyl die Vakmetodiek 'n besondere antwoord op dieselfde vraag is.¹⁾ Hiervolgens loop veral die Vakmetodiek die gevaar van vertegnisering en 'n ont-aarding in resepagtige onderrig.²⁾ Die Algemene Metodeleer moet egter ook in die Algemene Didaktiek gefundeer wees en is dus beperkter in omvang as die Didaktiek.

By die opleiding van onderwysers kan onderrig in die Metodiek sonder didaktiese onderrig tot genoemde vertegnisering van die onderwys lei. Wanneer nou op die Algemene Metodieksillabus van die P.O.S. gelet word, word o.a. die volgende opmerking in die inleiding aangetref: „Die student moet weet dat die Algemene Metodiek gefundeer is op opvoedkundige en sielkundige beginsels ... ens.“³⁾ Uit voorafgaande behandeling is dit duidelik dat die Algemene Didaktiek gefundeer is in die Pedagogiek en die Algemene Metodiek in die Algemene Didaktiek. In bg. aanhaling, uit die Algemene Metodieksillabus van die P.O.S., behoort Algemene Metodiek dus met Algemene Didaktiek vervang te word.

1. Van der Stoep, F. & Van der Stoep, O.A.
op. cit., p.64.

2. Ibid, p.65.

3. Bylae A, p.201.

Indien daar in die kurrikulum vir onderwysersopleiding dan 'n Algemene Metodieksillabus ingesluit word en nie 'n Algemene Didaktieksillabus nie, kan dit lei tot genoemde vertegnisering van die onderwys en resepagtige onderrig. Daarom behoort die Algemene Metodieksillabus van die P.O.S. met 'n Algemene Didaktieksillabus vervang te word, sonder om noodwendig die inhoud heeltemal te wysig.

Selfs 'n vlugtige oorsig van sekere dele uit genoemde sillabus dui daarop dat dit meer as net Algemene Metodiek is. Die leersituasie,¹⁾ „Algemene Opvoedkundige Beginsels" wat insluit die totaliteitsbeginsel, motiveringsbeginsel, waarnemingsbeginsel, ens.²⁾ en die volgende kom o.a. in die leergang voor: „Die nuutste opvattinge in verband met die Didaktiek veral na aanleiding van die Moderne Sielkunde van die Denke."³⁾ Bogenoemde opvoedkundige beginsels word algemeen aanvaar as didaktiese beginsels.⁴⁾ Hierdie paar voorbeelde, wat onmiskenbaar Algemene Didaktiek is, bevestig dat ten minste 'n deel van die sillabus eintlik „Algemene Didaktiese Pedagogiek" is.

1. Bylae A, p.203.

2. Ibid.

3. Ibid., p.207.

4. Duminy, op. cit., p.15., e.v.

Jonges, J. Naar een nuwe didaktiek?, p.113.

Van der Stoep, F. & Van der Stoep, O.A. op. cit., p. 200, e.v.

Van Hees, op. cit., p.135, e.v.

Samevattend kan gesê word dat Algemene Metodiek 'n deel is van Algemene Didaktiek en beperkter in omvang is as die Algemene Didaktiek. Indien die Metodiek nie in die Didaktiek gefundeer is nie, lei dit tot vertegnisering van die onderwys en 'n gevolglike verskraling van die pedagogiese basis. Dit hou daarom 'n gevaar in om onderwysers te skool in die Metodiek sonder 'n deeglike basis in die Didaktiek en Pedagogiek. By oorweging van enkele grepe uit die Algemene Metodieksillabus van die P.O.S., is dit duidelik dat ten minste 'n deel van die inhoud Algemene Didaktiek is.

1.5 Probleemstelling by wyse van samevatting

In die onderwerp van hierdie verhandeling is sprake van die „Algemene Metodieksillabus“. Die vraag mag ontstaan waarom die woord „sillabus“ gebruik word en nie „leerplan“ of „leergang“ nie. Nel som die posisie in Suid-Afrika t.o.v. die gebruik van die verskillende terme soos volg op:

„Dit is interessant om daarop te let dat HAT die Latynse spelling - curriculum - handhaaf en dan as sinonieme: ,kursus, veral studiekursus, leerplan, ' aangee terwyl Gunter weer leergang sinoniem met kurrikulum gebruik. Daar is blykbaar nie ooreenstemming by Afrikaanse opvoedkundiges en taalgeleerdes oor die presiese betekenis van genoemde vier woorde nie.“¹⁾

-
1. Nel, C.F.B. Die pedagogiese onderbou van afsonderlike onderwys vir die Bantoekind, p.165.

Hy kom dan verder tot die slotsom dat die meeste opvoedkundiges saamstem „dat kurrikulum in die wyer betekenis van die woord gebruik behoort te word, dit is dat onder kurrikulum al die georganiseerde opvoedkundige aktiwiteite van die skool verstaan word.“¹⁾

In hierdie verhandeling sal kurrikulum dan met bogenoemde betekenis gebruik word en sillabus as dit wat die leerstof in 'n spesifieke vak omsluit. Die doel hiermee is om enige verwarring uit te skakel.

Die sillabus is egter meer as net 'n versameling van leerstof in 'n bepaalde vak.²⁾ By die samestelling van 'n sillabus kom eerstens die leerstofprobleem na vore. Dis nie moontlik om alle leerstof in 'n bepaalde vak aan te bied nie, en daarom moet die sillabussamesteller eers op grond van sekere kriteria sy leerstof uitkies. Die gekose leerstof moet verder op 'n sistematiese, logiese en sielkundige wyse gerangskik word. Potgieter lê ook klem op die ordening van die leerstof en die feit dat die sillabus betrekking het op algemene uitgangspunte.³⁾

1. Nel, op. cit., p.166.

2. Vgl. Schutte, C.H.J. Die leergang en die leerboek in die Beginsels van Opvoeding vir die opleiding van onderwysers in Transvaal: 1838-1942 (Histories-krities), p.315.

3. Potgieter, F.J. Konstruktiewe momente in die didaktiese aanpak van enkele vakke op die middelbare skool, p.167.

Hierdie „algemene uitgangspunte” hou duidelik verband met die doelstellings van 'n bepaalde vak. Die sillabus moet egter meer wees as die daarstelling van doelstellings en 'n geordende samestelling van uitgesoekte leerstof. Dit moet ook riglyne vir die aanbieding van die leerstof verskaf.¹⁾

In 'n evaluering van die Algemene Metodiek-sillabus sal bogenoemde riglyne in ag geneem word. Alvorens hierdie evaluering gedoen kon word, moes 'n probleem oor die naam van die vak eers opgeklaar word. Soos aangedui, is Algemene Metodiek nie omvattend genoeg nie en bevat die Algemene Metodieksillabus ook heelwat Algemene Didaktiek.²⁾ Die naam van die vak behoort Algemene Didaktiek te wees. Die Algemene Didaktiek moet steeds as deeldissipline van die Pedagogiek benader word. Daarom sal die Algemene Metodieksillabus o.a. geëvalueer word aan die hand van die Didaktiek.

Die werkmetode in hierdie verhandeling bestaan kortliks daaruit dat d.m.v. 'n deeglike bronnestudie die vereistes vir die samestelling van 'n sillabus geformuleer (hoofstuk 2) en ook die plek van Didaktiekonderrig in die kurrikulum van die onderwysersopleiding bepaal moet word (hoofstuk 3). In die lig van die kriteria en beginsels in hoofstukke 1 tot 3 neergelê, sal in hoofstuk 4 'n poging aangewend word om te probeer vasstel of die Algemene Metodieksillabus wat sedert die begin van

1. Potgieter, Skool- en klasorganisasie as faset van die praktiese didaktiek, p.72.

2. Vgl. 1.4, p.

1969 deur die Departement van Bantoe Onderwys voorgeskryf word, vir studente van die Primêre Onderwyserssertifikaat aan genoegende kriteria beantwoord. Indien leentes ontdek word, sal 'n poging aangewend word om die sillabus in ooreenstemming met bogenoemde kriteria te bring, deur in die laaste hoofstuk (hoofstuk 15) met voorstelle in hierdie verband te kom.